

Saterdag 27 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 23 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 23:4

U is met my

Jesus Christus praat dikwels oor skape as beeld vir die gelowiges. Wanneer hy in Jo-hannes 10 sê: *“Ek is die Goeie Herder”*, dan roep dit die bekende Psalm 23 in herinnering: *“Die HERE is my Herder ...”* waarin Dawid ook sê: *“Ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my ...”* (:4). Met sy uitspraak in Johannes 10 bevestig Jesus ook self dat Hy die ver-vulling van dié profetiese Psalm is.

Hierdie troosryke uitroep van Psalm 23:4 – “U is met my” – is dié groot belofte van die Here aan sy volk, sy verbondsbelofte aan sy kinders. Dit is sy groot verbondsbelofte aan jou, aan elkeen wat miskien opsien teen die dag, nie kans sien vir wat voorlê nie, bekom-merd is, hartseer, eensaam – die belofte wat waar geword het met die koms van Jesus Christus, Hý wat verlos, Hý wat volgens Jesaja 7 en Matteus 1 *Immanuel* is, dit wil sê “God met ons” (Matt. 1:23; vgl. Jes. 7:14; 8:8).

En as ons sien hoe Psalm 23 van Christus sing, Hý wat gekom het om juis *“God met ons”* te wees, dan verstaan ons Christus wanneer Hy sê: *“Ek is die goeie Herder ... my skape luister na my stem”* (Joh. 10). By die goeie Herder, by niemand anders nie, kry ons troos. Hy is die enigste een wat kan troos, wat versterk, versorg, lei, beskerm.

Hý is die goeie Herder, want Hy het die laaste, finale daad verrig wat ’n goeie skaapherder maar kan doen. Hy het sy lewe vir sy skape gegee. Dít kan ons glo, dit móét ons glo. Want dit is ons enigste troos, dat ons in vandag se gejaagde lewe aan ons getroue Saligmaker Jesus Christus behoort ... in lewe en in sterwe ...

Sing: Psalm 23-1:1-3

*Dr. VE (Victor) d’Assonville (Marble Hall / Reformatorisch-Theologisches Seminar,
Duitsland)*